# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***1/19***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.
**Internet:** http://www.voc-kaap.org **E-pos/*E-mail*:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen Vrunden!*

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2019**

Die 24ste Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind om **10:30** op **Saterdag, 23 Maart 2019** plaas, by SASNEV / Huis der Nederlanden in Pinelands.

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 2019.**

1. Verwelkoming en Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (Moet vóór vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
3. Kennisgewing van afwesigheid.
4. Notule van AJV, 2018. (Sien Bylae A.)
5. Finansiële Jaarverslag, 2018. (Sien Bylae B.)
6. Voorsitter se Jaarverslag, 2018.
7. Verkiesing van Uitvoerende Komitee.
8. Voltooide en Lopende Projekte, 2018.
9. Voorgestelde Uitstappies en Lesings, 2019.
10. Bykomende sake.
12. Ons nuwe webwerf: 'n praktiese demonstrasie
13. Afsluiting.
14. Heildronk en Sosiaal.

Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie. So gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: '*Huis van Oranje!'* Dit is nie nodig om iets saam te bring vir die heildronk nie, want die borge maak dit moontlik**.**

**Bylaes:** Aangeheg aan hierdie *Generale Missive* vind u twee Baie Belangrike Bylaes, naamlik die Notule van 2018 se AJV en ons Finansiële Staat, 2018. Ons stuur dit vroegtydig aan lede om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om tyd by die AJV te spaar.

**Insake die Algemene Jaarvergadering.** Ons probeer om die AJV jaarliks so na aan Stigtingsdag (20 Maart) as moontlik te hou. Ons vra lede om asseblief die vergadering by te woon en gee hiermee 'n maand vooraf kennis daarvan, sodat u sake so kan reël dat die

oggend van Saterdag, 23 Maart vry en oop is om die AJV by te woon. Verskonings vul geen stoele nie en ’n lang verskoningslys dra ’n boodskap van apatie en swakheid oor. Ons is ’n unieke vereniging, gedurig besig met praktiese opvoedings- en bewaringswerk, en pak groot sake van nasionale (en -internasionale) belang soos die onderhoud van Kasteel de Goede Hoop, ’n saak waarmee enige kind van die VOC, hier of in die buiteland, hom of haar sal vereenselwig. Kom stel opbouende vrae en maak goeie voorstelle vir die uitbreiding en versterking van ons Stigting. Ons nooi ook lede van susterverenigings soos die Orde van de Prinsen, Vriende van SASNEV en Stigting Simon van der Stel wat dikwels ons lesings bywoon. Bring familielede, vriende en bure saam wat moontlik ook lede van die Stigting kan word.

**Oproep: Vernuwe asseblief die bestuur!**

Dit is hoogs nodig dat ons Stigting se bestuurskomitee vernuwe en verjong word, sodat ons Stigting nie oor ’n jaar of twee tot niet gaan nie, maar vir nog lank die belangrike en al meer nodige take kan uitvoer van Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme ten opsigte van die Pionierstyd van dié land se koloniale geskiedenis. Min ander organisasies verrig dié funksie, en regeringsinstansies is of onbeholpe of stel geen belang nie. Wat is nodig? Ondernemingsgees. Entoesiasme. Toewyding.

**Vier eeue gelede**

In 1619 het twee gebeurtenisse van groot belang en gevolg plaasgevind. In Nederland het die Sinode van Dordrecht plaasgevind - merkwaardig, daar was ook ’n vrou teenwoordig; daaroor hoor u meer wanneer ons die Kerkargief op Stellenbosch besoek - en in die Ooste het Jan Pietersz Coen op 30 Mei 1619 die hawestad Jakarta op Java verower. Van toe af word ‘Betawidag’ op dié dag herdenk.










**Foto’s: S. Niels: Caemer Haeghse Besoygnes herdenk Betawidag in die Riddersaal, 30 Mei 2017.**

**Amptelik behoort 'Van Riebeeck-heining' nou tot die verlede.**

Na meer as 'n dekade van sukkel het Erfenis Wes-Kaap op sy vergadering van 8 Februarie 2019 besluit dat die naam Van Riebeeck-heining nie meer vir die wildeamandellaan in Bishopscourt gebruik sal word nie, dat die laan sy graad twee bewaringsstatus behou en dat 'n nuwe interpretasie daarvoor opgestel sal word. Ons is om voorstelle gevra, en het voorgestel dat dit beskou word as 'n voorbeeld van 'n lewende heining, van 'n onbekende plaas uit 'n onbekende tyd. Sade van die bome is deur die Kaapse Koina geëet.




**Bewaringsfonds**

Toe ons die eerste keer bekend maak dat ons Stigting VOC die Paarlberg Bewaringskomitee se poging om die VOC- seinkanon op Paarlberg te restoureer, wil ondersteun en dit in die komende jaar wil opvolg met die restourasie van die Piketberg-seinkanon, het ons getroue lid Dr J.T.Mets onmiddelik 'n voorbeeld gestel deur 'n aansienlike bedrag vir dié goeie doel op die tafel te plaas. Op ons webwerf sal u voortaan 'n nuwe rubriek sien: 'Geldelike bydrae tot Bewaringsprojekte.' Plaas asseblief u naam ook daar; enige bydrag is welkom en sal in die *Generale Missive* erken word. Ons Stigting gaan in die komende jare nog meer soortgelyke VOC-bewaringsprojekte onderneem, waarvoor ons nie hulp van die staat of provinsie kan verwag nie.






**Foto's: J Sleigh**

**Ontmoet die Chainouqua.**

In November 2018 het die Chainouqua Stamraad uit die Overberg by ons in Huis der Nederlanden kom besoek aflê. Ons het mekaar van ons toekomsplanne vertel, geleenthede vir

samewerking in ’n moeilike bewaringsomgewing ondersoek en mekaar moed ingepraat. Gesamentlik het ons reeds daarin geslaag om die Rockview Dam suid van Grabouw se naam te verander na Dorha Dam. (Dorha was die Chainouqua se laaste hoofman, wat deur Simon van der Stel vervolg en uitgeroei is; dit was een van die oorsake van sy afdanking.) Die verandering is amptelik en is reeds in die Provinsiale Gazette gepubliseer. Om ’n onbekende rede sloer Waterwese met die nuwe kennisgewingborde. Dit was ’n aangename samekoms met die Chainouqua, en ons sal beslis verder saam werk.






**Foto’s: C. Wessel**

**Toekenning van ons Silwer Medalje aan Wes-Kaapse Argiefbewaarplek, 2018.**





**Foto’s: C. Wessel**

Me. A. Marais, die Wes-Kaapse Minister van Kultuur en Sport was so vriendelik om namens die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens ons Silwer Medalje, wat vir buitengewone dade van VOC-kultuurbewaring toegeken word, in ontvangs te neem, en het ons daarvoor bedank. By geleentheid van die oorhandiging op 8 November 2018 het Voorsitter Leon Hattingh gesê: “Geagte Minister Marais, me Momoti, Hoof van die Kaapse Argief en ander hooggeplaasdes en personeellede. Vandag is ’n besonder belangrike dag in die geskiedenis van die Stigting VOC. Ons belangstelling en werksaamhede konsentreer in die eerste plek op die breë geskiedenis van die *Vereenigde Oostindische Compagnie* (VOC), die grootste maatskappy van sy tyd, dit wil sê 1602 tot 1795, en dan ook meer bepaald die Kaap. Ons laat die klem val op bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme. Ons onderneem bewaringsprojekte, bied lesings aan, onderneem uitstappies na historiese plekke, probeer om verkeerde opvattings in die regte perspektief te plaas en om mense deur middel van publikasies geinteresseerd te kry in dié deel van ons land se geskiedenis. Ons boek ‘*Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*’ oor die geskiedenis van die VOC aan die Kaap het verlede jaar verskyn en is goed ontvang. Ons help en ondersteun die persone en instansies wat allerlei goeie werk verrig, soos die bewaring

van VOC- geboue en artefakte.

Vir hierdie take benodig ons altyd die hulp van die Kaapse Argief en die Nationaal Archief in Nederland, omdat hulle die bewaarders is van die dokumente uit daardie tyd, drie en vier eeue gelede. Biblioteke bewaar eintlik net boeke, maar op dié gebied is die Kaapse Argief by verre vir ons VOC-historici en ander belangstellendes van die allergrootste belang. U kan maar enige van die MA-verhandelings en D Phil-proefskrifte van die afgelope halfeeu oor 'n Kaapse onderwerp ter hand neem en u sal sien dat die skrywers in hulle voorwoord hul waardering uitspreek teenoor die personeel van die Argief wat hulle bygestaan het in hul soektog na die regte dokumente, die lees van die moeilike handskrifte van destyds, ens. Dit is iets besonders, want wie anders kan hulle van sodanige hulp voorsien? Die ontsluiting van die skat van gegewens en inligting in die Argief is 'n besondere oomblik in elke jong navorser se lewe en sy wording van 'n potensieële historikus, want dit is die opening van 'n skat van inligting waarsonder hy verlore sal wees. Om dié besondere rede oorhandig ons as die Stigting VOC vandag hierdie plaak en Silwer Medalje as 'n blyk van waardering aan u as Minister van Kultuursake, om dit aan die Kaapse Argiefbewaarplek te gee, sodat dit op 'n plek aangebring kan word waar besoekers aan die Argief dit sal sien, en weet hoe hoog waardeer ons die Wes-Kaapse Argiefbewaarplek se noukeurige bewaring en hantering van VOC-dokumente, wat in 2003 deur UNESCO tot wêrelderfenis verklaar is. Namens al die navorsers in die verlede, die hede en ook van die toekoms sê ons dankie aan die Argief-personeel vir hul bekwame en vriendelike hulp."

Die Argief het die aanwesiges op verversings trakteer, en ons Silwer Medalje met behoorlike byskrif is nou in die leeskamer teen die muur gemonteer. Neem asseblief kennis van die Argief se nuwe naam: Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens (WKAR), in die Engels *Western Cape Archives and Record Service (*WCARS*).*





**Kamer die Haeghe se muurbord in die *Nationaal Archief*, Den Haag** Foto: H.M. Scheffler

In 'n soortgelyke gebaar van waardering het ons susterskamer Caemer die Haeghe in 2007 hierdie handgeverfde keramiekskottel aan die *Nationaal Archief* in Den Haag geskenk.

## VOC-kerkhof, Simonstad

Argeoloë het verlede jaar begin met opgrawings op ’n bouperseel in Simonstad, waar die kerkhof agter die VOC se groot hospitaal vermoedelik geleë was. Volop menslike bene word gevind, en hulle word by die Universiteit van Kaapstad bestudeer. Na 1795 het die Engelse die hospitaal as barakke gebruik. Ons Stigting het ’n paar vroeë illustrasies van die terrein en geboue aan die argeoloë verskaf en hulle het beloof om ons oor ontwikkelings ingelig te hou.








**Buitepos Simons Baaij. J. Schumacher, 1777.   VOC Hospitaal.   J. Farquharson, 1795**

## Ere-lid en Historikus Gerrit Schutte kry prestasietoekenning Van Ewijck Stigting, 2019

As gevolg van sy uitstaande navorsing rakende die VOC se aktiwitweite in Suider-Afrika, is Stigting VOC se Silwer Medalje aan Prof. G.J. (Gerrit) Schutte (1940) toegeken. Hy was die tweede ontvanger en die oorhandiging het in 2006 in Kasteel de Goede Hoop plaasgevind. Daarmee het hy ook ’n erelid van ons Stigting geword.






Prof. Schutte is sedert 1975 as historikus verbonde aan die Vrije Universiteit, Amsterdam. Die geskiedenis van die VOC is een van sy spesialiteitsterreine. Volgens Stigting van Ewijk se voorsitter, Prof. Wium van Zyl, het Schutte se pas verskene *Hendrik Swellengrebel in Afrika: Journalen van Drie Reizen in 1776-1777*, ’n rol gespeel by die toekenning, maar is dit beslis nie die enigste rede nie. Die boek is ’n uitgawe van die Van Riebeeck Vereniging. Die Stigting van Ewijk-prys van R75 000 word toegeken vir reeds bewese prestasies vir die bevordering van die kulturele verbintenis tussen Nederland en Suid-Afrika. Onder Schutte se publikasies op dié terrein tel titels soos *Nederland en de Afrikaners: adhesie en aversie. Over stamverwantschap, Boerenvrienden, Hollanderhaat, Calvinisme en apartheid* (1986). In 1982

was hy ook redakteur van die boek *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake 1778-1792.* As voorsitter van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging in Nederland het Gerrit Schutte in die jare van die kulturele boikot 'n belangrike rol gespeel om die Vereniging in stand te hou en aan te pas by die vinnige veranderende omstandighede. Veels geluk hiermee, vriend Gerrit. [***Voertaal,** Actueel*; 24.12. 2018.]

**Replika – kentekens beskikbaar**



**Foto: RNG-kenteken, brons**

Die RGN se kenteken van swaar brons wat vroeër aan nasionale gedenkwaardighede geheg was, is nou 'n teiken van metaaldiewe wat dit steel en vir skroot verkoop. Ons ere-lid Martiens van Bart het twee volgroote replikas van keramiek aan ons Stigting geskenk, ter stywing van ons Bewaringsfonds. Die replikas is te koop aan huiseienaars wie se kentekens gesteel is. Die voorgestelde prys is R700. Skakel asb. vir Sekretaris Rudolf Rode daaroor.

**Die Moslem-familie Wentzel**

Hoe kom 'n Kaapse Moslem-familie aan die Duitse van Wentzel? Dit is 'n baie interessante storie. Die familienaam Wentzel is in die VOC-diens aan die Kaap goed bekend as militêre offisiere, landmeters, kartograwe, ens. Mnr Ebrahim Rhoda, wat sy MA *cum laude* van die Universiteit van Kaapstad verwerf het met 'n ondersoek na die ontstaan en groei van Mohammedanisme in en om die Strand, en verlede jaar 'n medalje van die Universiteit van Wes-Kaapland vir diens aan die gemeenskap ontvang het, het hierdie geval ontdek en nagespeur. Hy het selfs 'n skets van die voorvader, deur niemand minder as Lady Anne Barnard geteken, om te toon. Sy boek '*The Wentzels, a Muslim family'* het verlede jaar verskyn. Dit kos R50 en is by hom te kry. (Tel: 021-842-2092. Sel: 083-582-7722.)

Mnr Rhoda het ons Stigting genooi om die kramat van Tuan Yusuf (oorlede 1699) by Makassar te besoek; hy sal ons begelei. Meer inligting hieroor, binnekort.

**Die Stellenbosse Heemkring**

Die Stellenbosse Heemkring (sbosheemkring@gmail.com) wat hul vir die bestudering en bewaring van Stellenbosch se geskiedenis beywer, o.a. ook die VOC-tydperk, het onlangs 'n CD vrygestel met transkripsies van die kasboeke van die "Collegie van Landdrost en Heemraden van Stellenbosch en Drakenstein" van 1688 tot 1724. Daar is lank aanvaar dat hierdie dokumente verlore gegaan het totdat Ad Biewenga twintig jaar gelede vasgestel het dat hulle in die WKAR se indeks verkeerd aangedui word as "Military Cashbooks." In die lig van die belang van die "verlore" kasboeke het 'n groep lede van die Heemkring 'n transkripsie daarvan aangepak. Hierdie transkripsie, saam met versyferde beelde is tans saam met ander

inligting op 'n CD beskikbaar. Benewens administrasie en finansiële sake soos die geldstelsel, beroepe en vergoeding, bedryf van die watermeul en die bou van die kerk en pastorie, het in die transkripsieproses ook verskeie ander interessante aspekte van die destydse samelewing te voorskyn gekom, wat verdere ondersoek regverdig. Dit sluit o.a. in taalkundige aspekte (ongewone woorde en moontlik proto-Afrikaans), krisisse soos brand en opstand, en die uitroei van roofdiere.

Daar is ook 'n naamlys, en soms handtekeninge van byna 3 000 persone wat genoem word (herhalings ingesluit); elkeen is 'n tydsgreep uit die betrokke persoon se lewe. [Ockert Malan: Uittreksel uit *Capensis 2/2001*(Kwartaalblad van die Wes-Kaapse Genealogiese Genootskap, p. 36-41.]

**Kaarte**
Klik hierdie skakel om na die mooi ou VOC-kaarte van die kus van Australië te kyk (en luister) wat ons lid Johann Basson aan u stuur.
https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/7/71/Preserving_Archipelagus_Orientalis.ogv

**Ledegeld**
Die jaarlikse ledegeld bly onveranderd op R100 per persoon. Kontantdepositos is te duur, ongeveer 30% van die bedrag gaan verlore. Gebruik asseblief die elektroniese bankbesonderhede soos in meegaande voorbeeld vir 'n bankoorplasing, met u naam en van as verwysing onderaan.

Bank: Nedbank
Tak: Somerset-Wes
Begunstigde: Stigting VOC
Rekeningnommer: 1145512305
Bedrag: R200
Verwysing: Jan en Sannie Burger

Ons sien mekaar by die AJV.

*Behouwde vaert / Selamat jalan,*

D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies

**BYLAE A: Aangeheg in epos.**

**BYLAE B: Aangeheg in epos.**